# Laerskool Eligwa

15 Januarie 2025

Nuusbrief Nr. 1 van 2025

Geagte Ouers / Voogde

Baie welkom terug na die vakansie. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan alle nuwe leerlinge, sowel as ouers wat vanjaar vir die eerste keer deel is van Laerskool Eligwa. 'n Gelukkige en voorspoedige 2025 word u almal toegewens en ons vertrou dat ons weereens goeie samewerking sal hê om van hierdie jaar 'n groot sukses te maak.

**1. PERSONEELSAKE**

Baie welkom aan Me. Amé Coetzee wat in Mev. Alzaan Labuschagne se plek by Gr. R aangestel is. Baie geluk met die aanstelling en mag u sommer baie gelukkig wees en vinnig inskakel in ons gemeenskap.

**2. SKOOLTYE**

Die onderskeie skooltye vir die grade is as volg:

Gr. RR–R: 07:25 – 12:30 – gebruik hul eie hekkie by Kiewietsnes.
Gr. 1: 07:25 – 13:00 – gebruik hek 4 in die oggend en in die middag.
Gr. 2: 07:25 – 13:00 – gebruik hek 4 in die oggend en in die middag.
Gr. 3: 07:25 – 13:15 – gebruik hek 4 in die oggend en in die middag.
Gr. 4 – 7: 07:25 – 13:45 – gebruik almal hek 1 en hek 4 om die terrein binne te kom en dan die volgende hekke om die terrein te verlaat.
Gr.4, 5 en Gr.6 – hek 4
Gr.7 – hek 5

Laai asseblief u kinders betyds by die skool af. Die toegangshekke sluit om 07:25. Dit is baie steurend vir die personeel indien leerlinge laat by die klasse arriveer en daar reeds met die lesse begin is. Neem ook kennis van die volgende: **Kantoorure : 07:00 tot 14:45.**

**Personeelhekke**

Hek 1 en hek 3 is slegs vir personeel. **GEEN** ander voertuie word voor of na skoolure op die terrein toegelaat nie. Moet asseblief nie voor die hek staan en toeter blaas nie. Die personeel is versoek om nie die hek vanaf hulle klasse oop te maak nie.

Geen voertuig mag voor die skuifhekke parkeer en/of stilhou vir watter tydperk ook al nie.
**NEEM KENNIS DAT ALLE TOEGANGSHEKKE 0M 14:30 SAL SLUIT BEHALWE HEK 5 WAT OOP SAL WEES TOT 17:00.**
**Let wel: U kind se veiligheid is vir ons belangrik en daarom vra ons u om bogenoemde reëlings te respekteer. In geval van reën sal alle toegangshekke oop wees.**

**3. ATLETIEK**

Die interhuisbyeenkoms vind Vrydag, 17 Januarie 2025 in skooltyd plaas waarna die skoolspan gekies sal word vir verdere byeenkomste. Programme word teen R5 by die snoepie verkoop en

die skool sluit om 13:00 na afloop van die byeenkoms.

**SIEN OEFENPROGRAM**

**4. AKADEMIE**

Assesseringstoetse vir Gr. 4 – 7 sal soos in die verlede op Dinsdae en Donderdae geskryf word. Dit haal druk van die leerlinge, ouers en personeel af omrede dit dus oor die hele kwartaal versprei sal wees. Kleiner toetse sal wel ook op ander dae geskryf word.

Neem asseblief kennis dat skool normaalweg sal voortgaan na afloop van die assessering en dat GEEN kind uitgeteken mag word na afloop van die assessering nie, omrede personeel voortgaan met klasaanbiedings ten einde die sillabus te voltooi. Volgehoue en pligsgetroue werk dwarsdeur die jaar bepaal sukses en nie net die formele assesseringsgeleenthede nie.

**5. BESOEKE AAN DIE SKOOL**

Indien u die skool wil besoek om sake rakende u kind te bespreek, is u meer as welkom om dit **asseblief per afspraak** te doen sodat koördinering kan plaasvind en daar nie onnodige tyd verlore sal gaan nie. Wanneer u die skool besoek, versoek ons u vriendelik om eers by die kantoor aan te meld.

**5.1 Akademiese navrae:** Afspraak met onderwyser en/of Me.L. Herholdt (Grondslagfase) of Mev.C.Wilken (Adjunkhoof) en Mnr.H. Botha/Mev.M. Roux (Intersen-en Seniorfase)

**5.2 Sport- en Kultuur navrae:** Afspraak met betrokke afrigter en/of Mnr. H.Botha (sport) en Mev. D. Oosthuizen (kultuur).

**5.3 Gedragsprobleme:** Afspraak met betrokke onderwyser en/of Mnre. H. Botha en B.Boshoff

**5.4 Finansiële navrae / reëlings:** Mev. E. van Wyk.

**6. SKOOLGELD**

Die betaalmetodes wat u kan gebruik is EFT of die skool se debietorderstelsel. Indien u van 'n debietorder wil gebruik maak, moet U die nodige vorm by Mev. Van Wyk in die kantoor kry. Indien u 'n EFT betaling doen, moet u die bankbesonderhede asook die leerling se verwysingsnommer aanvra. **Korting van 8%** word toegestaan aan ouers wat die volle bedrag voor einde Maart 2025 betaal.

**7. SUBSIDIE**

Indien u wil aansoek doen vir subsidie of reëlings wil tref met betrekking tot skoolgeld, moet u asseblief die nodige vorm by Mev.E van Wyk in die kantoor afhaal. Dit moet asseblief volledig terugbesorg wees voor of op 28 Februarie 2025. Die Finansiële Komitee sal u in kennis stel of u aansoek geslaag het. **Geen aansoeke vir subsidie sal na 28 Februarie 2025 aanvaar word nie en die uitstaande rekening is dan u verantwoordelikheid.**

**Voogskap:** Let asseblief daarop dat slegs 'n amptelike bewys wat aantoon dat 'n leerling in voogskap geplaas is, aanvaar sal word om vir subsidie te kwalifiseer.

**SIEN UITEENSETTING VAN SKOOLGELD AANGEHEG**

**8. NASKOOLSENTRUM**

Die skool beskik oor die dienste van 'n naskoolsentrum wat daagliks vanaf 12:45 tot 17:30 funksioneer. Indien u meer inligting verlang, kontak Mev. Sherron de Koker by 082 354 5718.

**9. SKOOLDRAG**

Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om asseblief u kinders netjies in skooldrag geklee skool toe te stuur. Dit bevorder goeie dissipline by die skool en skep ook 'n eenheidsgevoel onder die leerders.Ons verskaffers van skooldrag is Ekspaar en MG's Schoolwear in Vanderbijlpark en

White Cross in Vereeniging. Ons "BRANDED SOCKS" is slegs beskikbaar by Socks for Africa.

**10. INFORMELE DRAG OP VRYDAE**

Leerlinge mag hul Vrydagdrag op Vrydae dra. Leerlinge wat Provinsiale kleure verwerf het in 'n bepaalde sportkode, mag ook die T-hemp saam met die nuwe kortbroek dra. Let Wel: Indien u kind nie oor 'n T-hemp beskik nie, word die gewone skooldrag op Vrydae gedra en is die dra van enige ander informele drag nie toelaatbaar nie.

**11. KLASPLASINGS**

Neem kennis dat klasplasings vir 2025 per rekenaar geskied het. Ons kan dus nie aan versoeke voldoen om sekere leerlinge by spesifieke onderwysers te plaas nie. Alle onderwysers is ten volle gekwalifiseer en elkeen sal sy/haar bes doen om u kind te akkommodeer en gelukkig te hou. Byvoorbaat dankie vir u begrip in die verband.

**12. SELFONE**

Neem asseblief kennis dat die **gebruik van selfone en "smart watches" gedurende skoolure nie toegelaat word nie** en dit mag onder geen omstandighede tydens skoolure aangeskakel wees nie. Indien 'n leerder die **skoolreël** oortree, kan die foon of horlosie vir die res van die jaar gekonfiskeer word. Baie dankie vir u begrip in die verband.

**13. SMS-KOMMUNIKASIE (QR KODE)**

Ons wil graag deur middel van hierdie kommunikasie-medium met u kommunikeer. Hierdie diens word gratis deur die skool aan u verskaf.
Soos u reeds weet word ons nuusbriewe d.m.v. die QR kode aan u deurgegee. U kan dus sien hoe belangrik dit is dat ons u korrekte selfoonnommer het. Indien u nommer verander, bly dit u verantwoordelikheid om dit onder die skool se aandag te bring. U sal slegs 'n sms ontvang dat die nuwe nuusbrief beskikbaar is, en is dit u verantwoordelikheid om dit te skandeer en uself te vergewis van die inhoud van die nuusbrief. Die nuusbriewe sal egter steeds ook op die skool se webwerf gelaai word. Voltooi asseblief die vorm wat in u kind se besit is.

**14. INLIGTINGSAANDE**

Die inligtingsaande is as volg:

| | |
|---|---|
| Maandag, 20 Januarie | : Gr. RR – Gr. 3 in die klaskamers (17:30) |
| Woensdag, 22 Januarie | : Gr. 6 in die saal (17:00 – 18:00) |
| | : Gr. 5 in die saal (18:00 – 19:00) |
| Donderdag, 23 Januarie | : Gr. 7 in die saal. (17:00 – 18:00) |
| | : Gr. 4 in die saal (18:00 – 19:00) |

**15. BELANGRIKE DATUMS**

| | |
|---|---|
| Dinsdag, 14 Januarie | : Graad. RR – Graad 1 begin met gewone klere. |
| | : Individuele foto's – Graad RR – Graad R |
| Woensdag, 15 Januarie | : Individuele foto's – Graad 1 – Graad 3. |
| Donderdag, 16 Januarie | : Individuele foto's – Graad 4 – Graad 7. |
| Vrydag, 17 Januarie | : Huissport. |
| Dinsdag, 21 Januarie | : Atletiek vs Vaalrivier en Totius tuis. |
| Vrydag, 24 Januarie | : Atletiek – DP de Villiers Stadion (Fonteine) |
| Woensdag 5 Februarie | : Driehoek uitnodigingsbyeenkoms by Driehoek. |
| Vrydag, 7 Februarie | : Atletiek vs Vryheidsmonument en Milton (Vryheidsmonument). |
| Saterdag, 8 Februarie | : Atletiek – DP de Villiers Stadion (Vaalpark) |
| Woensdag, 12 Februarie | : Interlaer – DP de Villiers Stadion |
| Donderdag, 13 Februarie | : Interlaer - DP de Villiers Stadion (Indien dit die 12de reën) |

| | |
|---|---|
| Maandag, 17 Februarie | : Mini-rugbyvergadering in skoolsaal 17:00. |
| | : Skaak begin |
| | : Rugby- / Netbaloefening begin. |
| Vrydag, 28 Februarie | : Subsidie aansoeke sluit. |
| Vrydag, 7 Maart | : Koekverkoping – Graad R , Graad RR en Graad 7. |
| Woensdag, 12 Maart | : Rugby aandreeks – O/11 |
| Donderdag, 13 Maart | : Rugby aandreeks – O/11 |
| Vrydag,14 Maart | : Detensieklas 14:00 – 16:00. |
| Woensdag, 26 Maart | : Eligwa mini-rugby- / mini-netbaldag. |
| Vrydag, 21 Maart | : VRYHEIDSDAG |
| Vrydag, 28 Maart | : Skool sluit – vorderingsverslae – 07:00 tot 07:30 |

**16. LEERDER ONDERSTEUNINGSMATERIAAL (LOM-FOOI)**

Indien daar nog uitstaande LOM-FOOI is, versoek ons u vriendelik om dit so spoedig moontlik te betaal. Die bedrag beloop R350 per kind.

**17. ROOK / DRANK**

Skole is volgens wetgewing dwelmvrye areas. Ons wil dus dringend dog vriendelik 'n beroep op elkeen van u doen om **nie op die skoolterrein te rook of te drink nie.** Die wetgewing is ook van toepassing na ure op die skoolterrein asook gedurende sportdae op Saterdae. Dankie byvoorbaat vir u begrip.

**18. HANDBOEKE**

Ons doen 'n vriendelike beroep op die ouers om toe te sien dat u kinders die skool se handboeke mooi oppas. Handboeke is baie duur en word baie verniel deur die kinders.

**19. DETENSIE**

Hier is net weer 'n kort verduideliking van hoe die detensieklasse werk. Elke kind van Graad 4 tot 7 begin aan die begin van die jaar met 100 punte. Vir elke oortreding (onnodig praat in klasse, huiswerk wat nie gedoen word nie, ens.) word 2 punte afgetrek. Sodra 'n leerling op 80 punte kom, moet hy 'n detensieklas bywoon.
Die detensieklasse is op 7 vasgestelde Vrydae wat sal strek vanaf 14:00 tot 16:00. Wanneer die klas bygewoon word, word die leerder se punt weer herstel na 100 punte. Indien die leerder nie die detensieklas bywoon nie, sal 'n voorreg weggevat word bv. mag nie aan die waterkaskenades deelneem nie, mag nie op 'n uitstappie of toer gaan nie, ens. Indien daar 2 detensieklasse **<u>voor</u>** 'n voorreg is, mag die leerling kies watter een hy/sy wil bywoon om weer hy/sy punte te herstel na 100. Indien u dus beplan het om vir 'n naweek weg te gaan , maar dit val op die Vrydag van die eerste detensieklas, **<u>moet</u>** die leerder die 2de detensieklas bywoon om weer by 100 punte uit te kom en 'n voorreg te geniet. Byvoorbaat dankie vir u samewerking en begrip. Die detensiedatums vir 2025 is as volg : 14 Maart, 23 Mei, 13 Junie, 15 Augustus, 19 September en 31 Oktober.

**20. SKOOLREëLS**

Ons beplan om die skoolreëls weer met die leerlinge op te skerp. Vir u aandag sluit ons 'n kopie van die reëls in. Ons versoek u vriendelik om uself daarvan te vergewis en tyd af te staan om dit ook met u kind te bespreek. Voltooi asseblief die afskeurstrokie onderaan die skoolreëls en handig dit in by die registerpersoneel. Die skoolreëls is in u kind se besit.

**21. FOTO'S (FACEBOOK EN WEBBLAD)**

Ons neem op 'n gereelde basis foto's van ons leerlinge gedurende sportbyeenkomste of ander

skoolaktiwiteite. Indien u nie wil hê dat u kind se foto op een van bogenoemde 2 platvorms geplaas mag word nie, versoek ons u vriendelik om 'n skrywe aan die skool te rig sodat ons dit op u kind se lêer kan plaas.

**22. INDIVIDUELE FOTO'S**

Die individuele foto's word op 14, 15 en 16 Januarie 2025 geneem. U kind sal op Woensdag, 15 Januarie 2025 'n bestelvorm ontvang. Die sluitingsdatum vir betaling is 28 Maart 2025.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

## ATLETIEKREëLINGS VIR 2025

Byeenkomste:

| | | |
|---|---|---|
| 17 Januarie | - | Huissport |
| 21 Januarie | - | Vaalrivier & Totius (Tuis) |
| 24 Januarie | - | Fonteine (DP de Villiers Stadion, Sasolburg) |
| 7 Februarie | - | Vryheidsmonument en Milton |
| 5 Februarie | - | Driehoek |
| Februarie | - | Interlaer –Transvalia |
| Februarie | - | Area D |
| Februarie | - | D 8 kampioenskappe |
| Maart | - | Gauteng (Ruimsig stadium) |
| Maart | - | SA's (KZN) |

Verantwoordelike persone vir spesifieke items:

| | | |
|---|---|---|
| Junior naellope | | B Goss, C Strauss, D Oosthuizen |
| Naellope | | A Grobler, C Spangenberg |
| Hekkies | | K Coetzee, L Herholdt, J Louw |
| Verspring | Seuns | M Kuhn, M Rautenbach |
| | Dogters | M Kruger, Z Calitz |
| Hoogspring | Seuns | D Visser, D Hubbard, P van Niekerk |
| | Dogters | A Bezuidenhout, C Burger |
| Gewigstoot | Seuns | P Harding, A Hansen, |
| | Dogters | C van der Westhuizen, T Leonard |
| Middelafstande | | H Botha, R Erasmus |
| Spanbestuurders | | C Burger, B Goss, J Louw |
| Spanlyste | | D Visser, C Burger, B Goss |
| Rekenaar & verslag | | H Botha, D Visser & D Oosthuizen |
| Gr R'e | | Al die gr R personeel |

Buitemuurse aktiwiteite tot en met D 8 kampioenskappe:

| **Sportperiodes** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** |
|---|---|---|---|---|
| 13:15 – 14:00 | 0/7 – 0/9<br>Junior naellope | 0/7 – 0/9<br>Junior naellope | 0/7 – 0/9<br>Junior naellope | 0/7 – 0/9<br>Junior naellope |
| 14:00 – 15:00 | Naellope<br>Gewigstoot | Hekkies<br>Verspring<br>Hoogspring | Naellope<br>Gewigstoot | Hekkies<br>Verspring<br>Hoogspring |
| 14:30 – 15:15 | Middelafstande | Middelafstande | Middelafstande | Middelafstande |

Ouderdomme (*Maak asb 100 % seker dat die kinders in die regte ouderdom is en deelneem*):

| | | |
|---|---|---|
| 2012 | - | 0/13 |
| 2013 | - | 0/12 |
| 2014 | - | 0/11 |
| 2015 | - | 0/10 |
| 2016 | - | 0/9 |
| 2017 | - | 0/8 |
| 2018 | - | 0/7 |
| 2019 | - | 0/6 |

D Visser
Atletiek-organiseerder

# LAERSKOOL ELIGWA
## 2025

SKOOLGELD VIR 2025
UITEENSETTING VAN SKOOLGELD SOOS IN BEGROTING

| **Aantal leerders** | **Skoolfonds** | **Administrasiegeld** | **Balans** | **Paaiement per maand oor 11 maande** |
|---|---|---|---|---|
| 1 Leerling | R10 250-00 | R350-00 | R9 900-00 | R900-00 |
| Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R9 900-00 – 8% (R792) = R9 108-00 | | | | |
| 2 Leerlinge | R20 500-00 | R700-00 | R19 800-00 | R1 800-00 |
| Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R19 800-00 – 8% (R1 584) = R18 216-00 | | | | |
| 3 Leerlinge | R30 750-00 | R1 050-00 | R29 700-00 | R2 700-00 |
| Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R29 700-00 – 8% (R2 376-00) = R27 324-00 | | | | |
| Indien u van die debietorderstelsel gebruik maak oor **12 MAANDE** is die korting 2,5%<br>1 kind = R805-00 per maand 2 kinders = R1 610-00 3 kinders = R2 414-00 | | | | |

GRAAD R & RR

| **Aantal leerders** | **Skoolfonds** | **Administrasiegeld** | **Balans** | **Paaiement per maand oor 11 maande** |
|---|---|---|---|---|
| 1 Leerling | R11 350-00 | R350-00 | R11 000-00 | R1000-00 |
| Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R11 000 – 8% (R880-00) = R10 120-00 | | | | |
| 2 Leerlinge | R22 700-00 | R700-00 | R22 000-00 | R2 000-00 |
| Indien u voor 31 Maart 2025 die volle bedrag vereffen: R22 000-00 – 8% (R1 760-00) = R20 240-00 | | | | |
| Indien u van die debietorderstelsel gebruik maak oor **12 MAANDE** is die korting 2,5%<br>1 kind = R895-00 2 kinders = R1 790-00 | | | | |

Geagte Ouer/Voogde

KOMMUNIKASIE TUSSEN SKOOL EN U AS OUER PER SMS-DIENS & QR-KODE STELSEL

Die skool maak gebruik van 'n QR-kode stelsel. Omsendbriewe en belangrike inligting word slegs deurgegee via die QR-kode stelsel en die skool se webblad.

Ouers wat reeds betrokke was in 2024 by die skool het reeds 'n QR-magneet ontvang. Nuwe leerlinge sal 1 magneet per gesin ontvang. Indien u magneet verlore raak kan u 'n nuwe magneet by die kantoor aankoop @ R20 per magneet.

DAAR IS REEDS GISTER 'N SMS UITGESTUUR I.V.M. OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN 2025. Omsendskrywe is ook op webtuiste beskikbaar by www.eligwa.co.za

Indien u nie die SMS ontvang het nie, voltooi asseblief onderstaande vorm en stuur onmiddellik saam met u kind terug skool toe.

# SMS-DIENS
# 2025

## 1ste NOMMER GRATIS

### EKSTRA SMS
(Teen R40-00 per nommer per jaar)

Kind se Van en Naam: ______________________________

Huidige Graad: ________

Ouer se Van: ______________________________

Selfoonnommer: ____________________

Ekstra selnommer: ____________________

# SKOOLREËLS

## OUERS EN LEERDERS VERGEWIS U VAN ONDERSTAANDE SKOOLREËLS

1. LEERLINGE MAG NIE VAN KANTOORHEKKIE GEBRUIK MAAK IN DIE OGGENDE EN IN DIE MIDDAE NIE.
2. DAAR MAG NIE GEDURENDE KLASWISSELING GESELS OF OP DIE STOEPE GEHARDLOOP WORD NIE.
3. GEEN LEERDER MAG SONDER TOESIG IN KLASKAMERS, SAAL OF OP DIE PAWILJOEN, VOOR EN NA SKOOL OF GEDURENDE POUSE WEES NIE.
4. GEEN JUNIOR LEERDER MAG NA 13:00 OP DIE SKOOLTERREIN OF BY DIE HEKKE EN KLIMAPPARAAT SONDER TOESIG WEES NIE.
5. FIETSE MOET DIE TERREIN BINNE GESTOOT WORD.
6. NIEMAND MAG OP ENIGE PLEK OP DIE TERREIN MET FIETSE RY NIE.
7. LEERDERS MAG NIE ONDER MOTOR-AFDAKKE VAN ONDERWYSERS WAG OF BY DIE MOTORS SPEEL NIE.
8. GEEN LEERDER MAG DIE SKOOLTERREIN GEDURENDE SKOOLURE SONDER TOESTEMMING VAN DIE HOOF OF ADJUNKHOOF VERLAAT NIE.
9. NIEMAND MAG OP DIE STOEPE EET OF DRINK NIE.
10. GEEN LEERDER MAG NA-URE OP DIE TERREIN SONDER TOESIG WEES NIE. OOK NIE GEDURENDE NAWEKE OF VAKANSIES NIE.
11. NA AFWESIGHEID MOET LEERDER 'N VERSKONINGSBRIEF BRING.
12. GEEN LEERDER MAG IETS BY DIE SKOOL VERKOOP NIE (UITGESONDER ENTREPRENEURSDAE)
13. GEEN KOUGOM MAG SKOOL TOE GEBRING WORD NIE.
14. OUERS MOET KINDERS BUITE DIE SKOOLTERREIN OPLAAI EN AFLAAI.
15. TROETELDIERE EN DUURSAME SPEELGOED MOET TUIS GELAAT WORD.
16. GEEN LEERDER MAG SKOOLAPPARAAT HANTEER SONDER TOESIG NIE.
17. U AS OUERS DRA DIE VERANTWOORDELIKHEID AS U KIND SKOOLEIENDOM BESKADIG.
18. BOEKE MOET IN 'N SKOOLTAS WEES EN NIE IN 'N SPORTSAK NIE. GEEN "GRAFFITI" OP TASSE NIE.
19. GEEN LEERDER MAG IETS NEGATIEF DOEN WAT DIE NAAM OF DIE TROTS VAN DIE SKOOL IN GEDRANG BRING NIE.
20. GEEN EKSENTRIEKE HAARSTYLE BY SOWEL SEUNS AS DOGTERS WORD TOEGELAAT NIE.
    SEUNS:- GEEN "STEPS" IN HARE NIE, HARE MAG OOK NIE OOR DIE OË OF HEMPSKRAAG HANG NIE.
    DOGTERS:- LANG HARE MOET VASGEMAAK WEES. LINTE, REKKIES ENS. MOET IN SKOOLKLEURE WEES.
    SEUNS/DOGTERS:- GEEN HAARMIDDELS SOOS BV. "GEL", HAARSPROEI, KLEURSJAMPOE, ENS. WORD TOEGELAAT NIE.
    BAIE LANG "KUIF" MOET MET 'N HAARKNIPPIE VASGESTEEK WORD SODAT DIT NIE IN DIE DOGTER SE OË HANG NIE.
21. JUWELE:-
    SEUNS:- GEEN JUWELE
    DOGTERS:- SLEGS SEËLRING EN EEN PAAR "STUDS" OF OORRINGETJIES IS TOELAATBAAR
22. SELFONE MAG SKOOL TOE GEBRING WORD MAAR MOET DEURGAANS IN DIE TAS GEHOU WORD. DUS MAG GEEN SELFOON GEDURENDE SKOOLURE OP DIE TERREIN GEBRUIK WORD NIE. SELFONE SAL GEKONFISKEER WORD INDIEN DIT GEDURENDE SKOOLURE GEBRUIK WORD. "SMART WATCH" SELFDE AS SELFOON.

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------

Afskeurstrokie

**Hiermee neem ons,**

Voorletters en Van – Ouer ____________________________ Handtekening __________________

Naam & Van – Leerling _______________________________ Handtekening __________________

Graad: ___________

**KENNIS VAN DIE SKOOLREëLS EN ONDERNEEM OM ONS DAARAAN TE ONDERWERP.**

Datum: _______________________________ Selfoonnommer Ouer:________________________

# Laerskool Eligwa

## Individuele foto pakket bestelvorm 2025

Pakket R170.00:-

- 1 x A4
- 1 x A5
- 1 x A6
- 1 x A5 Klasfoto
- 4 x ID-foto's
- **Laaste dag van betaling:- 28 Maart 2025**
- *Geen laat bestellings sal aanvaar word nie.*

## Bestelvorm

| | |
|---|---|
| Leerling Naam & Van: | |
| Klas: | |
| Aantal pakkette: | |
| Bedrag verskuldig: (R170 per pakket) | |
| Kontaknommer ouer/voog: | |
| Handtekening ouer/voog | |

Stuur bestelvorm terug na u kind se registeronderwyser/es voor of op 31 Januarie 2025

| | | |
|---|---|---|
| **Neem van foto's:** | Gr. RR & R, | 14 Januarie 2025 |
| | Gr. 1,2 & 3 | 15 Januarie 2025 |
| | Gr. 4,5,6 & 7 | 16 Januarie 2025 |